"Bosse word vir mense bestuur, en ons moet 'n instaatstellende omgewing skep vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling deur volhoubare bosbou, veral op plaaslike vlak"

Wat beteken die visie?
Bosse word **vir mense bestuur**

- Die Visie gebruik mense, hulle lewensmiddele, sterk punte en geleenthede vir hulle ontwikkeling as die grondslag vir die lewering van dienste wat sal bydra tot die vermindering van armoede.

Ons *moet skep*

- Identifiseer die DWB as die leidende agentskap in die sektor sover dit die skep van 'n instaatstellende omgewing vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling deur volhoubare bosbou aangaan. Dit sluit sowel diegene in wat direk in bosbouposte in diens is (op Hoofkantoor en Groepsvlak) as ander personeel in die wyer DWB-organisasie wie se rolle en verantwoordelikhede 'n uitwerking het op aspekte van die instaatstellende omgewing.

'n **Instaatstellende omgewing** *vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling*

- Spreek tot die mate waartoe relevante beleid & wetgewing positiewe uitkomste het vir armes, hoe toeganklik en toepaslik die burokratiese prosesse is wat hiermee gepaard gaan, en hoe oop die markstruktuur en stelsel is teenoor die behoeftes van nuwe deelnemers of kleinskaalse vervaardigers.

Gerig op **ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling**

- Omvat die verskeidenheid maniere waarop die bestuur van bosse (en die verwante prosessering wat daaruit voortvloei) 'n uitwerking kan hê op die verskillende dimensies van ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling as deel van die proses om armoede te bestry. Dit gee erkenning aan die inkomsteverwante en ander maatskaplike fasette van armoede, asook die potensiaal wat bosse het om lewensmiddele te verbeter.

Deur **Volhoubare bosbou**

- Dat maatskaplik-, ekonomies- en omgewingsvolhoubare bosbouontwikkeling die wyse is waarop ons tot die uitwissing van armoede kan bydra.

veral op die **plaaslike vlak**

- Fokus die aandag op die integrasie van 'n "bosse vir mense"-benadering met die plaaslike diensleweringsagente se prosesse van beplanning, finansiering en implementering.

Vir verdere inligting oor die Visie vir Bosbou: skakel Mike Peter, Voorsitter van die Visie-Taakspan, by 012 336 8782, 1DA@dwaf.gov.za.